NG Kerk
Vrystaat

MOOIGENOEG
KAMPTERREIN VAN DIE NG KERK VRYSTAAT

Mooigenoeg is aan die noordekant van Bloemfontein geleë, ongeveer 5 km vanaf die Fakkel by die stad se uitgang op Andries Pretoriusstraat (*nou Raymond Mhlaba*). Besoekers uit die noorde op die N1 neem die Andries Pretoriusstraatafrit (*Raymond Mhlaba*) na Bloemfontein, ***Mooigenoeg*** is so ongeveer 3 km vanaf dié afrit aan die regterkant geleë. Besoekers uit die suide op die N1, neem die Eeufeeswegafrit (*nou Kenneth Kaunda*), volg Eeufeesweg (*Kenneth Kaunda*) tot by die eerste verkeersirkel, links in Wilcocksweg en dan weer links by die volgende verkeersirkel in Andries Pretoriusstraat (*Raymond Mhlaba*). Volg Andries Pretoriusstraat (*Raymond Mhlaba*) uit die stad in die N1 rigting. ***Mooigenoeg*** is dan ongeveer 5 km uit op dié pad, aan die linkerkant geleë.

Die GPS koördinate is: 29°03’03.35” Suid, 26°15’56.75” Oos.

FASILITEITE:

175 persone kan gehuisves word en twee groepe mense van ongeveer 70, kan gelyktydig geakkommodeer word.

Die slaapeenhede bestaan uit slaapplek vir 3, 4, 7, 8, 10, 12, 16 of 18 persone en beskik hoofsaaklik oor enkel stapelbeddens.

Die badkamers beskik slegs oor storte, wasbakke en toilette. Die groot huis beskik wel oor drie baddens.

Daar is twee aparte, goed toegeruste kombuise, elk met sy eie koelkamer.

BELANGRIK! GASTE MOET HUL EIE BEDDEGOED EN EETGEREI SAAMBRING.

Sewe CHALETS (selfsorg), vier met slaapplek vir vier persone; twee met slaapplek vir drie persone en een met slaapplek vir twee persone: Almal het eie badkamers en is toegerus met beddegoed, mikrogolfoond, yskas en ‘n ketel.

Verder beskik die kampterrein ook oor twee vlugbalbane en 'n groot swembad (1,2 m diep).

Daar is ook 'n groot saal wat ongeveer 250 persone in teaterstyl kan huisves.

Die terrein het ook groot grasperke en talle skaduryke bome.

TARIEWE Januarie–Desember 2017: **Sleuteldeposito van R200, by Mooigenoeg betaalbaar**

Enkel / Groeptarief:	R70 per persoon per nag / R100 met beddegoed (genoeg vir 40 persone)
Gebruik van kombuis:	R350 per dag (Januarie – Desember)
Saal (funksies):	R2 500 per dag
Saal (nie-funksies):	R500 per dag wanneer groepe oorslaap
Huis en kombuis (funksies):	R1 800 per dag
CHALETS:	1 persoon @ R180 per eenheid per nag
	2 persone @ R300 per eenheid per nag
	3 persone @ R350 per eenheid per nag
	4 persone @ R400 per eenheid per nag
	Kinders onder 12 jaar – gratis
Dagbesoekers:	R50 per persoon

NAVRAE EN BESPREKINGS:

Mev Christelle Smith, NG Kerk Vrystaat, Posbus 11412, Universitas 9321
Tel: 051 406 6701
Faks: 086 621 4735
E-pos: kerkkantoor@ngkvs.co.za